

# Dié leer uit die Skrifte

Wat leer die Skrifte ons nou werklik?

Die sodanige “Bybel” lê in baie huise. Party onder die stof en ander weer mooi netjies opgepas; Dan is daar Skrifte wat stukkende en uitmekaar lê deur ondersoek. Nou kom die vraag op: Weet die leser werklik wat hy lees? Kry die ondersoeker werklik antwoorde wat hy kan sê: ‘Nou het ek die waarheid ontdek’. Baie hang aan die lippe van Skrifgeleerdes wat hulle ‘lees’ ondervindinge openbaar ‘veral as dit ‘n prediker is’ (*Van ouds af ken ons hulle as die “Skrifgeleerdes”*).

In die ou Verbond tyd was daar nie ‘Bybels’ nie, maar perkamentrolle wat gestoor was in Tempels of sommige Sinagoges. Die volk het gereeld na die dorpe gegaan waar daar ‘n Tempel was sodat hulle na die Skrifgeleerde kon luister wat hulle uit die perkament vir hulle deur gegee het. Die perkament wat voor gelees was aan die volk (*Deur die Skrifgeleerde*) was nie bevraagteken nie, want ‘n baie groot persentasie van die volk was ongeskoold; Daarbenewens het hulle met goede vertrouwe aanvaar dat dit wat hulle hoor van ‘n geleerde reg was. Met tyd “veral toe die Romeine of die Grieke heerskappy oor Yashar’EL gehad het” het die sodanige vertalers vir die geleerdes die Skrifte na Latyns vertaal, wat dit baie moeilik gemaak het vir die ongeleerdes om self te leer en lees in hulle moedertale. Soos ons leer het daar ‘n groot rewolusie ontketen toe die voorvaders die Latynse Skrifte vertaal het in hulle eie moedertale soos Duits of Engels (*Luter, Erasmus, ens.*).

Na die oor vertaling revolusie van die Latynse Skrifte het daar meer as 38 duisend verskillende Skrifte die lig gesien. Ongelukkig as jy twee of meer van die oor vertaalde Skrifte langs mekaar plaas om hulle eweredigheid te bespeur sal jy jou hande kan saam slaan weens hulle verskille. Dit is asof Ha satan toegelaat het dat die Skrifte vrylik vertaal kan word sodat daar groot verwarring en rusie kan ontstaan.

Reg die boonste is so ‘n klein bietjie deurgegee oor die Skrif en verspreiding, maar die vraag van bo is “Wat leer die Skrifte ons nou werklik”? Is dit ‘n boek vir alle volke op aarde? Is dit ‘n geloof boek? ens. Kom ons begin met geloof.

Geloof in Hebreëus is “Áman” en beteken: “Sekerheid sonder twyfel “en om standvastig te wees. As ons van ‘geloof’ praat moet ons ook weet dat ‘hoop’ weer aan geloof gekoppel is. Hoop skep ‘n onstandvastig en twyfelaars paradys. Soos daar gesê word deur ‘hulle’ dat die geloof in die hart is en hoop in die verstand.

Om geloof aktief te kry moet hoop intree anders kan geloof nie bestaan nie. Kom ek stel dit ook so dat as daar nie iets is om in te glo nie kan ons nie hoop daaraan koppel nie. Baie gaan bv. na die Skrifte as ‘n geloof boek en hoop die Skrifte is waar! Ook kan gesê word dat die wat van hart en verstand geskei is, nooit geloof kan ontvang nie. Hulle sê dat geloof in die teenswoordige tyd is, en hoop in die toekomstige tyd. M.a.w. as daar nou gebid word vir ‘n saak moet jy optimisties bly sodat VADER die saak kan oorneem en “hoop” nie teleurgestel vir die gelowige nie, want hoop gee stabiliteit vir die siel (1 Pet.1:3).

Let wel dat ‘Hulle’ geloof in twee vlakke plaas nl.: Die hemelse en die aardse vlak. Kom ons noem dat die sintuiglike kennis van ‘n gelowige (*Wat uit die verstand is*) vleeslik gekoppel is aan hoop. Ons kan ook noem dat die bekendstelling van geloof, deur YAHUSHA, na ons kom van VADER, en dat dit beteken dat geloof moet oorgaan in versekerdheid sonder om te twyfel. Die vleeslike ‘geloof na hoop’ wil sien, voel en hoor voordat dit oor kan gaan in versekerdheid. Die geestelike geloof na hoop let op na die innerlike en onsigbare dinge wat kan lei na versekerdheid. Ons kan ook noem dat geloof alomteenwoordig is vir die wat daarin belangstel. YAHUSHA wat die weg is na waarheid skenk ons dié geloof in Hom sodat die toegang tot VADER moontlik kan wees.

Dus begin geloof in YAHUSHA (hoop) wat oor kan gaan na vaste vertroue op VADER. Die belangstelling in geloof na VADER is in ieder en elk geplaas sodat twyfel nie kan bestaan nie. Om te glo moet jy die vermoë besit om werklik te kan hoor en luister. Weet en leer dat geloof groei in lydsaamheid, bedroefdheid, hoop en liefde. Geloof kom na andere rondom jou in liefde wat gesaai moet word deur jou soos die saaiër die saad saai. Jak.2:14-17 VADER is, geloof versekerdheid, deur Sy Seun YAHUSHA. SY wil en Geloof manifesteer deur ons as Sy kinders. Ps.27:13; Joh.11:40.

Ons kan nou vra of die ‘Bybel’ ‘n geloof boek is? Die antwoord is ‘nee’, dit is ‘n geskiedenis boek besaai van Yashar’EL se doen en late. Die eerste paar boeke gaan oor die name van die boeke vanself soos: Gen. wat beteken “Begin, Geboorte of Skepping” Ex. “Die pad uit, Die pad, Die weg of Uittog” Lev. Wat beteken “Wette, Verordening en Rituele” Num. Wat beteken “Straf en Opdragte” en Deut. wat beteken “n Kopie, Herhaling van die Wette”. Die opvolgende boeke is profesieë, vir hulle tyd, en vir die toekomstige tye. As ons nou oorgaan na die sodanige Nuwe tydperk waaroor die profete oor geprofeteer het soos Matt., Mark., Luk., en Jon. lees ons van YAHUSHA en Sy doen en late met die Yashar’EL volk.

Die opvolgende boeke is Paulus sin wat ingevoegde boeke in die Skrifte is. Duidelik kan die boeke van die man gesien word as verskil met die ander boeke in die Skrifte. In Paulus se boeke kan jy sien dat hy die hoofkarakter is wat die ontleder is van die ou geskrifte. Die ou skrifte kan weer duidelik gesien word dat hulle nie uit eie mond of interpretasie kom nie. M.a.w. as jy Paulus se boeke lees word daar gesê dat Paulus het gesê, maar as jy Matt, Mar, Luk of Joh. lees word daar genoem dat YAHUSHA het gesê. Net na die boeke van die man word die boekereeks (Skrifte) afgesluit met kort boekies van die Apostels en Open.

Nou gaan ek die globale gedagte deurgee oor die Skrifte wat baie me rond slinger of moet ek sê “dronk me gemaak word”.

Reg daar is die eerste vyf boeke in die Skrif wat hulle die “Tora” genoem word. Die Tora (Hebreeus) bevat die wet en orde wat Yashar’EL veronderstel was om te doen; Min wetend is die Tora relevant weens die skeiding tussen YAH en die Yashar’EL. Kom ek stel dit so dat die Tora die “huwelik wette” van Yashar’EL bevat. Yashar’EL het ‘n skeibrief ontvang toe hulle aanhoudelik gehoereer het. Dus as ‘n geskeide volk kan hulle nie meer onder daardie huwelike wette sorteer van die Tora nie, “en dit sluit die feeste in”.

Die opvolgende profetiese boeke word baie deurgegee dat daar wel ‘n “Losser” sal kom om daardie ‘geskeide’ volk weer ‘n kans te gee tot ‘n nuwe huwelik. Die uitverkore het wel aangehou met hul doen en late asof hulle nog in die huwelik was, maar min wetend was hulle ‘n verlore spul.

As ons na die tydperk kyk toe YAHUSHA hier op aarde ‘n draai kom maak het, het Hy duidelik genoem dat Hy net gekom het vir die verlore/ geskeide “vrou” Yashar’EL (*Vir die interessante moet onthou word dat YAHUSHA uit die Juda stam gebore was en nie deel uitgemaak het van die geskeide Yashar’EL (tien stamme) nie*).

Ja toe YAHUSHA hier op aarde was het Hy die fisiese ondervinding opgedoen wat die val van die uitverkore Yashar’EL was. Hy het gesien die geweldige agterstand en verdrukking wat die Yashar’EL vlok in is. Die Yashar’EL volk het inderwaarheid nie meer bestaan nie. Die volk was so verward en gesplinter dat uitkoms menslik onmoontlik was. Hulle was oor die eeue so geïndoktrineerde deur die heiden volke om hulle dat hulle deel van hulle geword het.

Nou hier kom YAHUSHA se doelstelling met die verlore Yashar’EL volk. Lees gerus Matt. Mar. en Luk. boeke, en jy sal optel dat YAHUSHA ‘n groot persentasie van die volk geleer het dat hulle waarde het. HY het hulle geleer om weer op te staan as heersers. HY het hulle uitgewys dat hulle meer waarde in hulle het as wat hulle besef.

Kyk gerus en sien dat YAHUSHA hulle nie so seer die Koninkryk aan hulle verkondig het as wat Hy hulle eers wil optel uit hul haglike toestand wat hulle hulself in bevind het nie. Hy het hulle wel baie vermaan dat die Koninkryk naby gekom het, maar hulle nie werklik van die Koninkryk deur gegee tot en met Joh. en Open. nie.

YAHUSHA het hulle met baie vergelykings vertel dat daar waarde in hulle was. Lees en sien dat die sodanige Skrifgeleerdes, Fariseërs en Sadduseërs nie in hulle sodanige gelowe aangeval was nie. Die Skrifgeleerdes, Fariseërs en Sadduseërs was wel aangeval dat hulle die volk verkleineer en dom verklaar het. Hulle was mos die mooi aangetrek en skoon gewaste op straat. Hulle het die beurs gedra wat hulle toegang vergemaklik het waar hulle wou gaan. Hulle was mos die manne wat kon lees en skryf. Lees gerus en sien dat YAHUSHA ook in hulle Tempels en Sinagoges die volk geleer het. Dit is juis daar waar YAHUSHA hulle kort, kort aangevat het weens hulle oorheersing.

Hoor en sien jy wat daar nou werklik plaas gevind het in YAHUSHA se tyd. YAHUSHA het nie die sodanige gelowe aangeval nie, maar 100% gegaan om die Koningskinders tussen die heiden op te lig en uit te wys dat hulle wel VADER se uitverkore is. Baie siektes en siekes het YAHUSHA genees om die volk op te beur, en uit te wys dat hulle tot beter in staat was.

As ons verder lees in Joh. en Open. dan begin ons lees van die ware leerstelling wat YAHUSHA kom doen het. In die boek van Joh. en Open. het YAHUSHA duidelik die Koninkryk van VADER geopenbaar.

In Open. 1:1 tot 3 staan: *Die openbaring van ~~Jesus Christus~~ YAHUSHA dié Gesalfde wat ~~God~~ VADER Hom gegee het om aan Sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van Sy engel boodskapper aan Sy dienskneg Johannes te kenne gegee het, 1:2 wat getuig het van die woord van ~~God~~ VADER en die getuienis van ~~Jesus Christus~~ YAHUSHA Dié Gesalfde alles wat hy gesien het. 1:3 Salig Gered is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.*

Ek sluit net om te noem aan die uitverkore van VADER, dat die Skrif met sy boeke gaan oor die geskiedenis van Yashar'EL. Wees soos die 5 maagde wat hulle self voorberei het vir die koms van dié Bruidegom. Weet dat alle kerke soos die Skrifgeleerdes, Fariseërs en Sadduseërs van daardie tyd tot vandag nie die "Koninkryk van VADER" verkondig nie, maar eerder om jou af te kraak as dom en minderwaardig. Dink net by jouself wat verkondig 38 duisend verskillende gelowe uit een Bybel?? Elkeen van hulle interpreteer dit anders tog dieselfde leerstelling.

Sonder jouself af van die heiden, en vind beskerm by jou biologiese volk. Weet dat jy 'n Koningskind is. Maak gereed ons Koning is op pad.

Bedink dit geslag van "VADER"